

Die mense klim op die berg van Kisjonah; die berg beef en die fariseërs draai om

151 Maar die leiers in Kapernaum benoem ander en stuur hulle agter My aan. En ook hulle moes dikwels veg teen die storm, want dit was die sogenaamde hondedae en die herfs was digby, en in hierdie tyd storm dit baie in Galilea en nog meer op die meer as op die land. En eers op die vyfde dag kom hulle in die plek aan waar Ek nog vertoef het en hulle verlang `n gesprek met My. Ek laat hulle egter nie binnekom nie, want Ek het geweet wat hulle wou hê, maar Ek laat hulle weet dat Ek nog langer hier sou bly en van hier af die nabygeleë plekkies sou besoek, en dat hulle hulleself kalm moes hou, want anders sou dit hulle heel sleg bekom!

[2] Dit was net na die sabbat, wat nou Sondag is, en `n besondere helder en mooi dag daarby; en Kisjonah kom na My toe en stel dit aan My en alle aanwesiges voor om die nabye hoë berg te klim.

[3] Dit was `n berg wat nog geen naam gehad het nie. Want die aardrykskunde het toe nog in die kinderskoene gestaan en daarom het die meeste berge, dale, vlaktes, mere, spruite en die kleiner riviere geen algemene geldige eiename gehad nie, maar slegs name waarmee hulle deur die mense wat in die omgewing gewoon het, aangedui is. Die lastigste was die name van die berge.

[4] Berge wat nie soos Tabor, Libanon, Ararat en Sinai alleen gestaan het nie, maar wat tot `n groot en uitgestrekte bergketting behoort het, het gewoonlik geen eienaam gehad nie, behalwe sommiges wat `n plaaslike en tydelike naam gehad het. Dit was dikwels die naam van die een of ander ryk bergbesitter wat sy kuddes daar laat wei het; as daar `n ander besitter gekom het, dan kry die berg ook `n ander naam. So was dan ook hierdie berg, omdat dit die eiendom van die tollenaar was en eintlik nog aan Griekeland* behoort het, na die eenaar vernoem. * [Dit wil sê in bestuursopsig as `n Romeinse provinsie.]

[5] Daarom was die plekkie ook, omdat dit op die grens tussen Galilea en Griekeland gelê het, `n belangrike tolhek, want daaruit loop `n taamlik begaanbare bergpad, wat vanuit Galilea oor die gebergte na Griekeland lei en daaroor trek baie duisende handelaars op kamele, bergperdjies en esels om hulle veelsoortige ware te vervoer.

[6] Toe die fariseërs, wat pas aangekom het, hoor dat ons die hoë berg wou klim, vra hulle aan Kisjonah of hulle met die geselskap mag saamgaan. **Kisjonah** sê: "As u geen kwade bedoelinge het nie, bied die berg, wat vanaf hier na Griekeland ongeveer twintig uur lank en ongeveer vyf uur breed geheel en al in my besit is, voldoende ruimte om ook vir u op te neem. Maar Ek kan u beslis nie gebruik as u kwaadwillige spioene van die priesters in Kapernaum en Jerusalem is nie, want Ek is `n Griek en nou `n baie toegewyde aanhanger van die gewyde en volgens my oortuiging enigste ware leer van ons goddelike Meester van alle meesters, en dan sou Ek my met alle middele teen u geselskap moet verweer! Raadpleeg u hart! Is dit suiwer, dan het u vrye toegang; is

dit onsuiver, dan kan u eerder dadelik weer daarheen gaan waar u vandaan gekom het!"

[7] **Die fariseërs** sê: "Ons is skoon en het geen arglistigheid in ons harte nie. Ons volg Moses en ons is Judeërs, soos ook JaHshua `n Judeër is en die wet van Moses nooit tot niet kan maak nie. `n Mens word egter van alle kante baie vertel oor Sy daade en lesse, en ons moet daarom beslis weet of Sy daade en lesse Moses se wet ophef al dan nie. As hulle Moses en die profete bevestig, dan neem ons hulle ook aan; doen hulle die teendeel, dan is dit wel duidelik dat ons daarteen moet wees!"

[8] **Die tollenaar** sê: "Soos u nou praat, het u voorvaders ook almal teen die profete gespreek en hulle het hulle later as godloënaars gestenig, en Ek weet maar van min wat nie gestenig was nie. En tog haal u by elke geleentheid die profete aan en roem met hulle! Maar u voorvaders was presies dit wat u is, en u is geen haar beter as u voorvaders wat die profete gestenig het nie. Daarom vertrou Ek u ook nie ten opsigte van hierdie heilige Profeet van alle profete nie.

[9] U noem uself wel volgelingen van Moses; maar met u doen en late staan u verder van Moses af as wat hierdie aarde van die hemele verwyder is! Ondersoek uself dus of u waardig is om my berg saam met ons te klim!"

[10] **Ek** sê aan Kisjonah: "Laat hulle saamkom! As dit te veel vir hulle word sal hulle wel teruggaan, want geeneen van hulle het nog ooit `n berg geklim nie! Miskien reinig die suiwer lug van hierdie hoë berg hulle harte `n bietjie."

[11] Kisjonah vind dit goed en voorsien alles wat ons nodig gaan hê op pad boontoe.

[12] Die vyf dogters ontbreek nie en spring soos kuikentjies om My heen, stel My vrae oor verskillende dinge van die oerskepping en oor die ontstaan van sulke berge, en Ek lê hulle alles uit in die mate waarin hulle dit kon begryp. Ook die baie leerlinge en baie mense wat ons begelei, luister soveel hulle kan na wat Ek praat en dit verskaf hulle besondere baie genoeë.

[13] **Nathaniël**, wie die meeste deurdrenk was van My goddelikheid, praat so nou en dan met die berg en sê: "O berg! Voel jy wie Hy is wat nou Sy voete op jou plaas?" En elke keer as Nathaniël so `n belangrike vraag stel aan die berg, tril die berg so dat almal dit waarneem.

[14] Die fariseërs word daardeur baie bang en begin om die volk te oorreed om hulleself nie verder na bo te waag nie. Dit kon `n van oudsher gewyde berg wees, wat `n onwaardige nie mag betree nie of die berg kon begin bewe en te kere gaan en vanweë die een onwaardige alles vernietig!

[15] **Die volk** sê egter: "Gaan julle dan maar alleen terug, want deur ons sal die berg nooit begin bewe nie, en ons het hom al dikwels geklim.

[16] Toe begin die fariseërs met die volk te murmureer. En die berg beef weer tydens die murmuring van die fariseërs en hulle keer daarop vinnig om en loop so vinnig as wat hulle kon die berg af terug na die vlakte

toe, en op hierdie manier was ons één keer verlos van ons hinderlike begeleiers.

[17] Ons sit toe ons reis heel rustig voort en bereik so teen die aand die groot bergboerderye van Kisjonah, waar ons ook die nag deurbring. Vanweë die vermoeidheid van die vrouens, begin ons weer op die tweede dag na die hoogste top van hierdie berg te klim, waarvandaan mens `n buitengewone mooi en ver uitsig oor die hele Judea, Samaria, Galilea en `n groot deel van Griekeland* gehad het. (*Hier sal die provinsie Fenisië bedoel word.)

Wonderlike gebeurtenisse. Kontak met die geeste van gestorwe mense

152 Op hierdie top vertoef ons `n dag en `n nag en geniet baie heerlike en wonderbaarlike dinge.

[2] Vir My was hier natuurlik niks wonderbaarliks nie, omdat die oorsprong van die tallose verskynsels en gebeurtenisse in Myself lê en moet lê; maar almal wat by My was, beleef heerlike en wonderbaarlike dinge in oorfloed.

[3] Ten eerste was daar die verruklike wye uitsig, wat gedurende die dag alle oë voortdurend besig gehou het. Ten tweede laat Ek na sonsondergang toe dat die innerlike oog van die mense geopen word, sodat hulle in die groot wêreld van die geeste kon sien.

[4] Hoe groot was die verbasing nie by almal dat daar bokant die aarde `n groot wêreld gevul is met wesens wat daar leef en werk nie, en ook onafsienbaar wye uitgestrekte streke en gebiede is wat ten dele buitengewoon heerlik is, ten dele ook soos die middernag baie woens en treurig daar uitsien.

[5] In stilte gebied Ek egter al die geeste om oor My te swyg.

[6] Baie leerlinge praat met die geeste oor die lewe na die dood van die liggaam, en die geeste was vir hulle `n oortuigende bewys van `n verdere en meer volkome lewe na die liggaamlike dood en hulle kry insig in die aard daarvan.

[7] **Kisjonah** sê ook: "Nou is al my wense vervul. By alles wat Ek het en by hierdie berg wat my aardse besitting is, sou ek die helfte van al my besittings gegee het, as ek nou `n paar van die belangrikste Sadduseërs en Esseners, wie nie glo in `n lewe na die dood van die liggaam nie, hier kon kry! Hoe sou hierdie wyses hier hulle neuse tot bloedens toe aan die geestewêreld kon stoot! Self was ek op `n tyd heeltemal deur hulle leer aangegryp, maar het dit geleidelik weer gelos, omdat `n behoorlike grieselige verskyning van my vader my gelukkig uit die droom gehelp het.

[8] Dit is tog buitengewoon! `n Mens kan nou as gelykes met hierdie wesens omgaan en praat. Waar Ek my wel `n bietjie oor verwonder is dat daar hier onder die baie geeste, waarvan Ek sommiges as persone heel goed herken, geen aartsvader, geen profeet en ewemin `n koning te sien is!"

[9] **Ek** sê: "Beste vriend en broer, ook hulle lewe in die geesteswêreld; maar sodat al die miljoene en miljoene geeste hulle nie een of ander goddelike eer sal bewys nie, word hulle op `n heel ander plek, wat die

voorportaal van die hel heet, afgesonderd gehou van alle ander geeste en daar bly hulle in die volle verwagting dat Ek hulle nou in hierdie tyd sal vrymaak en hulle dan binne sal bring in die hemele van die oerwoning van My engele, - wat ook dan weldra sal gebeur.

[10] Trouens vorm hierdie geeste van die aartsvaders, profete en goeie konings `n afskerming tussen die werklike hel en hierdie geestewêreld, omdat die hel hulle nie kan verduister, verpes of verlei nie.

[11] Die satan mag weliswaar die natuurlike wêreld ingaan om homself van tyd tot tyd daar uit te lewe, maar hierdie geestewêreld is vir ewig vir alle duiwels ontoeganklik. Want waar die eintlike lewe eenmaal begin, daar bly die dood vir ewig ver weg. "**Satan**", "**duiwel**" en "**hel**" is die oordeel en dus die eintlike dood self en het daarom niks meer te doen in die ryk van die lewe nie. Verstaan julle dit goed?"

[12] **Kisjonah** sê: "Meester, so goed as wat dit moontlik is en U barmhartigheid dit toelaat, begryp Ek dit nou; maar agter dit alles sal sekerlik nog enorm baie skuil wat Ek waarskynlik dan eers heeltemal sal kan bevat en begryp as Ek eendag self `n bewoner van hierdie tog wel meer duistere as vriendelike wêreld sal wees. In die môre en middag sien hierdie geestewêreld buitengewoon mooi en vriendelik daar uit, maar teen die aand en middernag sien dit daar nog baie droewiger en treuriger uit as op die uitgestrekte vlakke waar die groot Babel eers gestaan het. So `n aanblik bederf dan ook die lieflikheid van die môre en die middag."

[13] **Ek** sê: "Jy het gelyk; dit is soos wat jou gevoel dit vir jou ingee. Maar die geeste van wie jy nou baie honderdduisende voor jou sien, sien die aand en middernag nie soos jy dit nou sien nie, **want `n gees sien altyd slegs maar dit wat met sy innerlike ooreenstem.**

[14] Omdat nóg die aand en nóg minder die middernag ooreenstem met hulle innerlike, sien hulle nie die aand nie en die middernag nog minder. Eers wanneer hulle heeltemal gelyk word aan My engele, dan sal hulle ook alles so kan sien soos wat jy dit nou sien."

[15] **Kisjonah** sê: "Meester, dit is weliswaar nog duister en Ek begryp dit nog nie, maar Ek dink dat dit voorlopig ook nie heeltemal nodig is nie. Maar omdat U, o Meester, hier nou so vrygewig is met sulke wonderbaarlike onthullings, wat sou U dan daarvan dink om ons naas hierdie tallose baie geeste ook `n paar engele te laat sien? Ek het al so baie oor die aartsengele, oor die gerubs en serafs gehoor, baie daarvoor in die Skrifte gelees en Ek het my baie verskillende voorstellings daarvan gemaak wat waarskynlik baie verkeerd en dus foutief was. U, o Meester, sou my nou wel `n korrekte voorstelling daarvan kon gee, as dit U gewyde wil sou wees!" - Ook die vyf dogters, wat die hele tyd in My omgewing was, vra dit vir My.

[16] **Ek** sê: "Ek wil dit doen; egter nie vóór die aardse middernagtelike uur nie, maar daarna. Praat jy nou met die geeste, maar verraai nie aan hulle dat Ek hier is nie, want hulle het vóórtydig niks daaraan nie, want elke gees moet sy ryphed in volle en ongedwonge vryheid verkry. [17] Met hierdie belofte was hulle almal tevrede en hulle wag verlangend sodat die middernag kon verbygaan.